MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

JANUARIE / JANUARY 2016 NO. 01

VOORUITBETAALDE ELEKTRISITEIT TARIEWE

Burgemeester Rdl LA Koloi

Die afgelope tyd was daar baie navrae oor die tariewe vir vooruitbetaalde elektrisiteit, veral omdat sommige kliënte meer krag kan koop vir 'n spesifieke bedrag geld as ander kliënte.

Net soos vir konvensionele krag, het die Raad verskillende opsies vir vooruitbetaalde elektrisiteit tariewe vir huishoudelike en kommersiële kliënte.

Vir huishoudelike kliënte is daar drie opsies:

1. **30 Ampére aansluiting vir hulpbehoewende kliënte:** Hierdie tarief is slegs beskikbaar vir die kliënte wat op die Raad se register vir hulpbehoewendes geregistreer is.
2. **30 Ampére aansluiting:** Hierdie tarief is bedoel vir kleiner huishoudings wat nie baie elektriese toerusting in hul huise het nie, maar nie op die Raad se register vir hulpbehoewendes geregistreer is nie.
3. **60 Ampére aansluiting:** Hierdie tarief is vir die groter huishoudings waar daar meer elektriese toerusting in die huis is.

Toe daar in 1993 met vooruitbetaalde meters begin is, het die Raad slegs twee huishoudelike tariewe gehad, naamlik 'n 30 Ampére aansluiting en 'n 60 Ampére aansluiting. Dit het goed gewerk tot 2008 en hulpbehoewende en kleiner huishoudings was op dieselfde 30 Ampére tarief. Die enigste verskil was dat hulpbehoewendes 50 kWu per maand gratis ontvang het en die nie hulpbehoewendes nie.

Met die buitensporige tarief verhogings sedert 2008 het die Nasionale Energie Reguleerder van Suid-Afrika (NERSA) daarop aangedring dat die 30 Ampére aansluiting se tarief baie minder styg as die ander tariewe, ten einde die hulpbehoewendes tegemoet te kom. Dit het toe daartoe gelei dat mense wat nie hulpbehoewend was nie, ook die voordeel van die hulpbehoewende tarief gekry het. In 2013 het die situasie so buite verhouding geraak, dat die ouditeure dit as 'n onaanvaarbare verlies beskou het en moes die Raad by NERSA aansoek doen vir 'n nuwe 30 Ampére tarief vir nie-hulpbehoewende kliënte. Die tarief is met ingang van Julie 2014 deur NERSA goedgekeur en sedertdien word die kliënte wat nie op die Raad se register vir hulpbehoewendes geregistreer is nie, sistematies oorgeplaas op die korrekte tarief. Dit lei nou tot ongelukkigheid by mense wat voorheen bevoordeel is deur die tarief vir hulpbehoewendes.

Die situasie met die drie tariewe, soos dit met ingang van 1 Julie 2015 deur NERSA goedgekeur is, is tans soos volg (aankope van R100.00 is as voorbeeld gebruik):

1. **30 Ampére aansluiting vir hulpbehoewende kliënte:** Die tarief is 113,34 sent per kWu (BTW ingesluit) en 'n kliënt sal 88.23 kWu kry vir R100.00 se aankope.
2. **30 Ampére aansluiting:** Die tarief is 179,81 sent per kWu (BTW ingesluit) en 'n kliënt sal 55,61 kWu kry vir R100.00 se aankope.
3. **60 Ampére aansluiting:** Die tarief is 180,12 sent per kWu (BTW ingesluit) en 'n kliënt sal 55,52 kWu kry vir R100.00 se aankope.

Soos gesien kan word, is die voordeel vir hulpbehoewendes redelik groot. Die Raad probeer egter hard om die heel armste mense in die dorp te help, maar die Raad kan ook nie bekostig om sulke voordele aan mense te gee wat nie hulpbehoewend is nie.

VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE		
VERKOOPPUNTE	**TELEFOONNOMMERS**	**TYE**
William Single 110, Paballelo	073 844 0830	08:00 - 21:00
Village Shop	054 332 4383	07:30 - 21:00
Progress Cafè, Kosmosstraat	073 509 2862	08:00 - 21:00
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	084 645 9993	08:00 - 21:00
Rosedale Spar	054 339 0056	08:00 - 21:00
Babbelbekkies, Rosedale	074 587 4961	07:00 - 21:00
Gaziniastraat, Louisvaledorp	073 483 3466	07:00 - 22:00
Blaauw Kerkstraat 4, Louisvaleweg (Oliphant)	078 003 0314	07:30 - 21:00
Upington Convenience Centre	054 332 5444	**24 UUR**
Stap - In Vulstasie (W Engelbrecht)	083 502 0316	07:00 - 22:30
Spar Upington	054 331 2491	07:00 - 22:00

***Inligting van tye verskaf deur verkooppunte**

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED		
VERKOPERS	**ADRES**	**TEL**
Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819 / 073 146 1262
Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	073 265 9050
Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	073 019 1789 / 076 019 1789
Virginia Ratshefola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 44 4426
Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkranz	054 751 0092
Abraham Olyn	Bougainvillastraat 41, Louisvale	082 730 2334 / 074 612 1104
Ennie Malgas	Johnny Goeiemanstraat 35, Rosedale	082 427 5162 / 061 281 4206 / 076 719 4971

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

DESEMBER 2015 / JANUARIE 2016				JANUARIE / FEBRUARIE 2016			
DATUM	**ROETES**	**DATUM**	**ROETES**	**DATUM**	**ROETES**	**DATUM**	**ROETES**
24 DES	1, 2, 4, 18	06 JAN	84	25 JAN	1, 2, 4, 18	04 FEB	9, 7, 11, 80
28 DES	23, 5, 22, 25	07 JAN	31, 45, 12, 30	27 JAN	23, 5, 22, 25	05 FEB	31, 45, 12, 30
29 DES	29, 20, 27, 35	08 JAN	43, 32, 33, 13	28 JAN	29, 20, 27, 35	08 FEB	43, 32, 33, 13
30 DES	37, 3, 36, 6	11 JAN	47, 16, 14, 39	29 JAN	37, 3, 36, 6	09 FEB	47, 16, 14, 39
31 DES	38, 46, 42, 21	12 JAN	28, 19, 41, 15	01 FEB	38, 46, 42, 21	10 FEB	28, 19, 41, 15
04 JAN	44, 8, 24, 10	13 JAN	17, 40	02 FEB	44, 8, 24, 10	11 FEB	17, 40
05 JAN	9, 7, 11, 80	14 JAN	81, 82	03 FEB	84	12 FEB	81, 82

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - JANUARIE 2016

DATUM	WOONBUURT	PLEK
05 Januarie	Paballelo	Munisipale Kantore
06 Januarie	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
07 Januarie	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
08 Januarie	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
11 Januarie	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
12 - 29 Jan	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE.

Uitgereik deur die Kommunikasie Eenheid, Munisipaliteit //Khara Hais - Tel: 054 338 7000